# Kultuurgeskiedenis te boek

**Martiens van Bart**

Die kultuurgeskiedenis van die plattelandse dorpe omvat nie net die lotgevalle van die inwoners sedert die ontstaan van elke plek nie, maar ook die geboude erfenis. En namate dorpsontwikkeling plaasvind en geslagte mekaar opvolg, gaan dikwels betekenisvolle grepe uit die verhaal saam met die argitektuur verlore as dit nie opgeteken en geboekstaaf word nie.

'n Bewaringsbewuste inwoner van Calitzdorp, die kunstenaar en bibliotekaris A.F.M. (Malan) Roux, wat al jare lank 'n dikwels verlore stryd teen die stelselmatige verlies van ou opstalle en wonings in sy omgewing stry, het oor die jare die regte ding gedoen. Hy het sy kunstenaarstalent ingespan en sketse van betekenisvolle geboue, opstalle en huise gemaak, waarvan sommige nie meer bestaan nie. En hy het die interessante verhale van Calitzdorp se dorpstigters, pioniers en vernuwers opgeteken. Dit is alles in 2005 in 'n handgemaakte boek byeengebring.

Verlede jaar is 'n keur van die boukundige verhale, *Piet Strydom – Die Wêreld en Nalatenskap van 'n Calitzdorpse Bouer*, deur die Calitzdorpse Museumvereniging, waarvan Roux ook 'n bestuurslid is, gepubliseer. Pas het sy tweede boek, *Huisvriend: 'n Informele Ondersoek*, 'n keurige werk met 493 bladsye propvol inligting, verhale, foto's en eie sketse oor die kultuurgeskiedenis van Calitzdorp, verskyn. Dit sluit veel meer as net die argitektoniese erfenis in. Die boek is tegnies deur Lelani Nel van Out of the Box Graphics op Glentana versorg.

Roux ontplooi die boek op 'n baie besonderse wyse: Hy neem sy vertrekpunt by die woning waar hy nou al byna drie dekades lank woon – Huisvriend, Kerkstraat 4. Hy probeer vasstel wanneer die huis gebou is, en gaan dan op 'n ontdekkingsreis. Hy ontleed die herkoms en datering van die verskillende boumateriale waaruit dit opgebou is, en maak dan afleidings. Deur 'n proses van uitskakeling en waarskynlikheid kom hy uiteindelik op die boudatum 1908 te staan. En in hierdie dekonstruksie- of rekonstruksieproses lê die belangrikheid van die werk. Dit is 'n studie van die ontwikkeling van die boukuns en die evolusie van boumateriaal wat nie net Calitzdorp geld nie, maar inderdaad van die Westerse boukuns van die 1700's tot op hede.

Tussendeur kom onder andere die verskillende bouers van Cannaland (deesdae Kannaland genoem) na vore. Sommige was die eerste pioniers, wat self die mas moes opkom, en later was daar beroepslui en vakmanne. Ook ontvou die lotgevalle van die inwoners van die dorp vir wie daar oor die jare huise, opstalle of geboue opgerig moes word. En algaande kom die hele gemeenskap en sy wel en weë aan die bod.

Die deeglik nagevorste werk in sagteband met 32 hoofstukke en verdeel in drie afdelings, is voorsien van 'n bronnelys, register en 'n inhoudsopgawe.

■ **Bestel kopieë by Briëtte Barry, e-pos: welgevon@gmail.com of ☎ 044 213 3642. Lesers wat met Malan Roux wil gesels, kan hom bel by ☎ 082 899 7364.**




**Die voordeur van Huisvriend op die buiteblad afgebeeld.**



**Huisvriend, Kerkstraat 4, Calitzdorp, is die woning van die kunstenaar, bibliotekaris en skrywer Malan Roux. Hy neem die woning as sy uitgangspunt om kultuurgeskiedenis te boekstaaf.** Foto's: BRIËTTE BARRY



**Huisvriend, gebou in 1908, is Malan Roux se woonplek. Hy het die skets daarvan gemaak.**



**'n Platdakwoning aan Buitekantstraat soos Malan Roux dit in die 1990's geskets het.**



**Een van die bouer Piet Strydom se wonings. Die skets toon ook die straatgesig.**



**Stassen se wamakery in vervloë dae. Dele van die kompleks bestaan nog.**



**M. Katz se handelshuis is deur 'n brand verwoes. Die skets is van 'n foto af gemaak.**



**'n Straataansig in Calitzdorp toon die verskillende boustyle uit soveel tydperke.**